



foto Mia Ziervogel; model Vikki van Top
Models; hare en grimering Leslev Whitby

Maklik & koei

Brei dié maklike trui met suiwer kantoenwol om die nuwe jaar mee te begin. Deur Carolien Saayman

Mate

Om borsmaat 92(97;102) cm te pas
Ware grootte: 100(105;110) cm
Lengte: 63,5(66,5;69,5) cm
Mou: 16(17;17) cm

Spanning

33 ste x 46 rye = 10 x 10 cm in ks gebrei met 2,75 mm-Ne.
Die regte spanning is uiters belangrik; indien daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

Afkortings

alt - alternatiewe
AP - agterpant
aw - aweregs
beg - begin
gl - glip
gv - gare vorentoe
herh - herhaal
N(e) - naald(e)
R - regs
st(e) - steke
tes - tesame
tgso - trek glipsteek oor
vermeer - vermeerder
vermin - verminder
VP - voorpant
weersk - weerskante

Benodigdhede

7(8;9) bolle Pingouin Coton Naturel 4-draad-crêpe, Luxor (kleurno. 02)
1 paar 2,75 mm-Ne, 2 stekehouters
Borduurgare

Agterpant

Met 2,75 mm-Ne, stel 175(184;193) ste op.
Brei kantgedeelte:
1e ry en elke alt ry (VK): aw.
2e ry: r3 *gv, r2, gl1, r1, tgso, r2tes, r2, gv, r1; herh van * - laaste st, r1.
4e ry: r2 *gv, r2, gl1, r1, tgso, r2tes, r2, gv, r1; herh van * tot laaste 2 ste, r2.
Herh tot kantgedeelte 12 cm lank is vanaf beg.
Brei voort in ks tot werk 41(43;45) cm lank is.
Mousgatvorming: Heg 9(12;12) ste af aan beg van vlg 2 rye.
Heg 2 ste af aan beg van vlg 8(10;12) rye.
Heg 1 st af aan beg van vlg 18(16;20) rye.*
Brei voort op hierdie 123(124;125) ste tot werk 62(65;68) cm is vanaf beg.
Halsvorming: Brei 36 ste, draai. Vermin 1 st aan beg van vlg ry en daaropvlg 2 alt rye. Heg oorbl 33 ste af.
Plaas middelste 51(52;53) ste op stekehouter.
Voltooi oorbl skouer soos 1e, maar met omgekeerde vorming.

Voorpant

Brei soos AP tot by *.
Brei voort tot pant 56(59;62) cm lank is vanaf beg.
Halsvorming: Brei 41 ste, draai. Vermin 1 st aan beg van vlg ry en daaropvlg 2 alt rye. Vermin daarna 1 st aan beg van elke 4e ry aan halsrand tot 33 ste oorbl. Brei voort tot VP net so lank soos AP is. Heg af. Plaas middelste 41(42;43) ste op stekehouter.

Voltooi oorbl skouer soos 1e, maar met omgekeerde vorming.

Moue

Stel 130(139;148) ste op met 2,75 mm-Ne.
Brei 7 cm van kantpatroon. Slaan oor na ks en vermeer 1 st aan weersk van 1e ks-ry en elke daaropvlg 4e ry tot 146(155;164) ste. Brei voort tot mou 16(17;17) cm lank is.
Moukopvorming: Heg 9(9;12) ste af aan beg van vlg 2 rye en 2 ste aan beg van vlg 6(6;8) rye.
Heg 1 st af aan beg van vlg 50(52;52) rye en 2 ste aan beg van vlg 22(26;26) rye.
Heg oorbly 22(21;20) ste af.

Afwerking

Werk regterskouernaat toe. Tel 30(31;31) ste op van linker-VP, die 51(52;53) ste van stekehouter van VP, 30(31;31) ste van regter-VP, 7(8;8) ste van regter-AP, die 41(42;43) ste op stekehouter van AP, en 7(8;8) ste van linker-AP. Brei 1e ry aw, dan 1 ry r en nog 'n ry aw.
Vlg r-ry: r2 ste, *gv, r2tes*; herh van * - * tot einde.
Aw vlg ry, dan 1 ry r en 1 ry aw. Eindig af. Vou dubbel na VK sodat gaatjiespatroon 'n picotrandjie vorm. Werk vas met oorhandse steek.
Werk regterskouernaat toe. Werk moue in mousgatopeninge en werk sy- en mounate toe.
Lê plat neer op handdoek en sproei effens met water. Trek nate reguit en laat droog word. □